'N TERUGBLIK
KAOKOLAND 1966: DIE HIMBA'S EN HULLE VEE

Dr. Hans van de Pypekamp

In die noordwestelike uithoek van Namibië lê 'n verlate, barre landstreek waar min blankes voor die jare sewentig van die vorige eeu ooit gekom het. Dit is Kaokoland woonplek van die Himba volk of ook bekend as die Ovahimba's; mense wat nog die beenpyp rook.

Kaokoland is wes van die Etosha-wildtuin geleë en strek van die Hoanibrivier in die suide tot aan die Kunene in die noorde. Dis 'n bergagtige landstreek met wye vlaktes tussen die bergreekse. In die ooste plat die bergreekse af tot 'n groot vlakte wat tot by die Etoshapanne en Ovamboland strek. In die weste lê die Namibwoestyn, wat van die Ugabrivier af al hoe nouer word na die noorde. Veral meer na die noorde toe is daar groot sandduine en ook geen varswater nie. Die ruwe kusstrook van Kaokoland word nie verniet Seekus van die Dood genoem nie. Aan hierdie onherbergsame kusdeel lê verskeie skeepswrakke. Dis 'n wêreld van vele kontraste maar 'n landstreek wat ook 'n vreemde bekoring het, met unieke wild- en plantlewe.

Daar is geen vaste siklus in die rëenval nie dit wissel van lang droogtetydperke tot vloedperiodes.

Die bevolking van Kaokoland was in 1970 sowat 13, 000 waarvan die Himba's, ongeveer 5,000, noord van die Hoarusibrivier woonagtig was. Die inwoners was hoofsaaklik veeherders en hulle leefwyse besonder konserwatief en volgens bepaalde vaste tradisies.

My vrou en ek het as pasgetroudes in Januarie 1966 die lang, warm reis per trein vanaf Pretoria na Windhoek onderneem. Ek is as jong staatsveearts na Namibië gestuur om spesiale dienste daar te verrig bestemming Kaokoland. Die opdrag was om die plaaslike bevolking met veesiektes by te staan, asook om siektes wat 'n groot bedreiging vir ons land se veestapel inhou, soos Bek-en-klouseer, Longsiekte, ens., te monitor.

Toegerus met 'n Ford 250 4x4 bakkie en kamptoerusting wat ons by Departementele store in Windhoek bymekaar gemaak het, het ons die

pad na die onbekende in die noorde aangepak. Ons was salig onbewus daarvan dat ons oppad was na 'n baie onherbergsame gebied, sonder gebaande paaie. Dit was die begin van die reënseisoen. Ons sou ook gou uitvind dat beamptes van die destydse afdeling Veeartsenydiens tradisioneel altyd die oudste en mees afgeleefde voertuie vir amptelike diens ontvang het. Vir die volgende ses maande het ons die beskawing vaarwel geroep en was bevoorreg om met so 'n pragtige unieke ongerepte natuurskoon, met sy inwoners die Himba en hulle vee, te kon kennis maak. Dit was 'n voordurende stryd teen die elemente, 'n totale gebrek aan infrastruktuur, veral paaie, asook 'n duidelike antagonistiese houding van die yl plaaslike bevolking teenoor die enkele amptenare wat die gebied betree het. Onklaar voertuie was 'n geweldige belemmering en 'n kopseer. Die destydse Kaokoland in die reënseisoen sou selfs die mees gesoute hedendaagse 4x4 entoesiaste moedeloos gehad het. Die hoofroete vanaf Kamanjab in die noorde van Namibië na Ohopoho, ('n afstand van ±150km) was toe nog 'n tweespoor grondpad wat met 'n verwaarloosde plaaspaadjie vergelyk kon word. Ohopoho (Opuwo) was ons basis in Kaokoland. Dit was soos 'n nagmerrie om hierdie "pad" na reëns aan te pak, aangesien uitgestrekte turfvlaktes wes van die Etosha-wildtuin enige regdenkende mens in 'n ander rigting sou gestuur het. Om vanaf Ohopoho in Kaokoland te reis was selfs 'n groter uitdaging aangesien gebaande weë nie bestaan het nie. Seer ruê en ontelbare pap bande, gebreekte vere en beskadigde wiel asse was die gevolge van haas onbegaanbare tweespoor paadjies in die bosse.



Ons kennismaking met die Himba's, 'n semi-nomadiese volk met baie vaste tradisies, was deur middel van tolke, wie ons pal vergesel het. Die tolke was goed vertroud met die spesifieke ritueel wat gevolg moes word alvorens Himba hutte besoek kon word. Spesifieke roetines moes ook gevolg word tydens die groetery en kennismaking.

Twee van ons tolke, Tommie en Oorlog van der Merwe was direkte afstammeling van die Zoeloes wat die Dorsland trekkers op hulle geskiedkundige maar rampspoedige reis deur Kaokoland (die Dorsland) vergesel het. Hierdie Zoeloes het die blanke boere se name aangeneem. Ons tolke se ma Ragel, het tydens ons besoek nog geleef en in Kaokoland gewoon. Sy kon nog op haar hoë ouderdom Afrikaanse volksliedjies helder en foutloos sing.

Vanweë die uitgestrektheid en onherbergsaamheid van die gebied is daar altyd met twee Ford 4x4 bakkies gery, om vir die onverwagte voorsiening te maak of ingeval van nood. Radiokontak was maar onbetroubaar.

Ons was meestal vergesel van 'n toesighoudende Veeinspekteur, Sig Triebner. Hy het Kaokoland, Ovamboland en die Okavango soos die palm van sy hand geken, was goed vertroud met die inheemse volke van die betrokke gebiede. Hy het jaar in en jaar uit, weg van sy familie, onder moeilike omstandighede onbaatsugtige diens vir Veeartsenydiens gelewer.

Die Himba's se rykdom bestaan uit vee waarvan beeste die hoogste aangeskryf word. Hulle het 'n gesegde "Sonder beeste is 'n man niks." Wat ons altyd sal bybly met ons reise in Kaokoland, was die pragtige Sanga beeste, Damara skape en inheemse bokke waarmee ons deurentyd te doen gehad het. Opvallend was die noue band wat tussen die veeherder en sy beeste bestaan het. So dikwels het ons 'n enkele Himba met sy trop beeste op pad êrens heen, teëgekom, waar hy deurlopend met eienaardige fluitgeluide met sy diere kommunikeer.

Die Himba's het ook hulle beeste geleer om op spesifieke roep-geluide

te reageer en kon hulle op hierdie wyse hulle diere bymekaar maak. Gevalle was aan ons bekend, waar van hulle beeste gesteel en oor die grens na Angola gejaag is. Die eienaars het die beeste se spoor gevat en hulle vee in Angola opgespoor en "geroep", waarna die diere uit die krale gespring het waarin hulle aangehou is. Sodoende het die Himba's meestal snags, hulle gesteelde beeste bymekaar gemaak en na Kaokoland teruggeneem.

Die Himba's is semi-nomadiese trekkende veeboere maar gebruik meestal spesifieke drinkplekke vir hulle vee. Hulle volg egter dieselfde migrasie patrone as wild in die gebied en trek met hulle vee agter die reëns aan. Mobiliteit is die sleutel tot oorlewing. Vee word aan die einde van die droë seisoen van standhoudende waterbronne soos fonteine, na nuwe weidings met tydelike oppervlakte water geskuif. Met die aanbreek van die droë seisoen beweeg hulle terug na areas met permanente fonteine en rivierlope, waar weiding gepreserveer is. Dit is bekend dat die Himba's ook goeie veekundige beginsels toegepas het. Kuddebulle asook ramme, word versigtig en met oordeel geselekteer. Beeste word gemelk en suurmelk het 'n groot deel van hulle dieet uitgemaak, terwyl hulle bron van vleis meestal van bokke en skape afkomstig was. Bokke is ook gemelk. Die maak van suurmelk deur die melk in 'n kalbas te skud is 'n integrale deel van die Himba leefwyse.

Hulle is destyds as van die welvarendste vee-eienare in Afrika beskou. Ongelukkig het die ergste droogte in mense heugenis in 1980 tot 1982 bykans 80-90% van Kaokoland se vee uitgewis. Later, na die droogte wat bykans drie jaar geduur het, het die Himba's weer eens hulle veegetalle opgebou, hoofsaaklik met beeste wat hulle van blanke kommersiële boere in Namibië gekoop het.

Tydens ons verblyf in Kaokoland het ons bewus geword van veevrektes. Beeste sowel as skape en bokke het gevrek. Vanweë politieke intimidasie het die Himba hoofmanne hulle onderdane verbied om enige hulp van amptenare te aanvaar. Van die Himba's het groot getalle van hulle diere verloor, hoofsaaklik aan lamsiekte (Botulisme) en in die geval van kleinvee, aan bloednier, beide siektes waarteen daar effektief geimmuniseer kon word. Van die Himba's het ons vir hulp genader sonder die hoofmanne se medewete aangesien hulle aanhoudend diere verloor het en desperaat was. Sodoende kon ons die nodige entstowwe toedien en diere red. Met dié deurbraak is 'n goeie verhouding met die Himba vee-eienare bewerkstellig. Ons moderne middels het wondere verrig.

Beeste word net by spesiale geleenthede geslag, soos 'n hoofman se begrafnis. Met die afsterwe van 'n hoofman van 'n kraal, word van sy gunsteling beeste, soms tot 50 diere, doodgemaak. 'n Spesifieke ritueel, wat vir meeste van ons vreemd en wreed blyk te wees, word gevolg wat deel uitmaak van 'n lang tradisie van die Himba volk.

Beeste word deur die moederlyn geërf, gevolglik sal 'n man nie beeste van sy pa erf nie, maar van ooms aan sy ma se kant van die familie.

Weens die toestand van die paaie en die voertuie in die jare sestig was elke dag in Kaokoland 'n onvoorspelbare uitdaging. Dit was egter 'n onvergeetlike avontuur en voorreg om hierdie eiesoortige landstreek van kontraste met unieke dierelewe, die Himba's en hulle vee van nader te kon beskou. 'n Stil aand langs 'n kampvuurtjie in die groot verlatenheid is 'n ondervinding wat 'n mens aan niemand kan beskryf nie.